

Graham Clarke, die man in Margot Luyt se lewe. Ná 'n beroerte jare gelede kommunikeer hy nou deur die Liberator. Hy fokus met die rooi lig op sy pet op die toestel en tik so sinne en frases wat die masjien dan "sê".

# LIEFDE WAT G'N PERKE KEN

## Sy kies hom elke dag bo alle ander mans, sê die deurwinterde omroeper Margot Luyt oor haar Graham, wat verlam en stom is

Deur JOANIE BERGH

TOE Margot Luyt die eerste keer met Graham Clarke oor die telefoon gesels, het sy dadelik geweet hy is die liefde van haar lewe, al het hy met 'n blikstem gepraat.

Sy het hom liefgehad nog voor sy hom van aangesig tot aangesig gesien het, sê sy. En ná daardie eerste oproep van Graham in 1997 het 'n diep en betekenisvolle vriendskap tussen hulle ontwikkel.

Margot en Graham lyk nie na 'n "alledaagse" paartjie nie. Die deurwinterde omroeper is 'n sterk en formidabele vrou wat al amper 20 jaar lank by die verlamde, stom Graham 'n liefde vind wat hemelsbreed verskil van die stereotiepe beeld van hoe 'n gelukkige paartjie behoort te lyk.

Graham was 25 toe hy 32 jaar gelede 'n beroerte kry. Van toe af kan hy nie 'n woord praat, sy hande lig of 'n tree gee nie. Hy gesels deur 'n masjien wat sy woorde in 'n blikstem namens hom sê.

Die beroerte het die pons, 'n belangrike deel van die breinstam, so aangetas dat Graham sy kop net effens kan beweeg en sy oë kan draai. Hy kan wel effens kou, maar kan nie sluk nie omdat hy heeltemal verlam is van die neus af ondertoe, insluitend sy tong.

Sy gehoor en ander sintuie is ongeskonde en sy verstand is glashelder, maar Graham is vasgevang in 'n lyf wat nie wil beweeg nie.

"Van al die mans, dié met hul rits grade, gesonde lyf en baie geld, van hulle almal kies ek Graham elke dag. Daar is eenvoudig nie 'n kwessie daaraan nie," sê Margot beslis en soen Graham op sy wang. Graham se mondhoeke vorm 'n breë glimlag en hy gooi sy kop agteroor. Sy oë is helder toe hy opkyk.

Dan draai hy terug na die skerm en toetsbord voor hom. Hy rig die swart "pen" wat onder aan die pet op sy kop vasgemaak is op die toetsbord voor hom.

Tik-tik-tik, tik-tik, klink dit toe die infrarooilig vanuit die pen oor die alfabet op die toetsbord beweeg.

Toe Graham klaar getik het, sê die stem van die Liberator, die praattoestel wat Graham gebruik om mee te kommunikeer, in 'n hoogs Amerikaanse aksent in Engels en heeltemal emosieloos: "Selfde hier. Ek en Margot het deel van mekaar geword."

GRAHAM woon sedert sy beroerte 32 jaar gelede in die Eric Miles Cheshire-nasorgsentrum in Milnerton in die Kaap.

Dis ook hier waar ons hom en Margot ontmoet, in sy kamer, waar pragtige skilderye en ou swart-wit foto's teen die muur hang. Op een staan 'n bloedjong Graham met 'n bos swart krulhare tussen sy vriende en glimlag breed.

Hy sit in die middel van die vertrek in sy rolstoel. Sy hande en voete is vasgemaak sodat hy regop kan sit. Sy kop trek na links, soos dit die afgelope paar jaar meer en meer begin doen het.

Graham het 'n voltydse hulp en groot vriend, Leslie Baaitjies. Leslie sien die afgelope 11 jaar na hom om en het as't ware sy hande geword.

Op 'n kas langs hom is 'n magneet waarop staan: "Not dead yet."

Margot gaan sit langs Graham en verduidelik hoe die Liberator werk. Net toe Margot lekker begin gesels, hoor 'n mens skielik tik-tik-tik. Graham sit stilletjies langs haar en kyk na die skerm.

"Hy is besig om iets vir ons te tik. Laat ons eers kyk wat die koning wil sê," terg Margot en Graham glimlag.

"Dit verg baie geduld en dissipline van die ander mens," verduidelik Margot. "Jy moet besef jy moet hom 'n kans gee om te praat, al duur dit hoe lank."

Dan skielik praat Graham se Engelse mondstuk: "Kan ek vir jou 'n storie speel om al jou vrae te beantwoord?"

Margot verduidelik Graham kan met die toestel volledige toesprake en frases



LINKS: 'n Jong, gesonde Graham op Marion-eiland voor hy op 25 'n beroerte gekry het. Hier was hy nog vol planne vir sy toekoms. ONDER: Die vriendskap en liefde tussen Margot, wat bekend is vir haar radiowerk, en Graham kom al amper 20 jaar aan.



berg en dit enige tyd terugspeel. En met die druk van 'n knoppie luister ons na die tragedie wat Graham in 1984 getref het.

'N JONG, avontuurlustige Graham was in daardie jaar deel van 'n ekspedisie na Marion-eiland, ongeveer 2 170 km suidoos van Kaapstad in die Indiese Oseaan. Suid-Afrika het 'n weer- en-navorsingstasie op die eiland en stuur gereeld navorsingspanne vir ses maande op 'n keer soontoe.

Die energieke Graham was destyds 'n weerkunde-assistent, leier van die span en die enigste lid van die ekspedisie met mediese opleiding.

Maar op sy derde besoek aan die eiland het Graham siek geword. Vlootdokters het eers per radio breinvliesontsteking by hom gediagnoseer, maar ná 'n moeilike reddingspoging terug na Suid-Afrika het medici vasgestel die jong man het 'n beroerte gehad. Later is ingeslote sindroom by hom gediagnoseer; hy het beheer oor al sy motoriese funksies verloor. Sy hele liggaam is aangetas.

"Dalk was dit omdat hy nog altyd snaakse bloeddruk gehad het ..." sê Margot. "Hy glo natuurlik drank en sigarette het ook 'n rol gespeel. Kyk."

Sy wys na foto's teen die muur. "As 'n jong man saam met sy vriende. Op omtrent elke foto staan hy met 'n blikkie bier in die hand.

"Maar vandag het Graham aanvaar dit is alles deel van die plan," sê Margot. "Niemand wat ek ken, het meer deursettingsvermoë as hy nie."

Tik-tik-tik. "Ons hele lewe word vooruit beplan," sê Graham.

Die tweetjies se paaie het gekruis toe Graham Margot op 'n dag in 1997 met behulp van sy praatmasjien bel om 'n vriend te probeer opspoor. Margot, wat die koerante elke dag verslind het nadat hy op Marion-eiland siek geword het, het dadelik geweet wie Graham was. "En die res is geskiedenis ..."

Maar kry sy Graham nie net jammer nie? Margot skud haar kop. "Daardie 'ag siestog'-frase bestaan nie tussen ons nie. Ek het Graham baie meer nodig as wat hy my ooit sal hê. Ons verstaan mekaar. Daar is soveel tye dat die een iets sal dink, dan sê die ander dit op dieselfde oomblik."

Margot bly 'n rukkie stil en Graham kyk na haar. "Ek het nooit geweet ek het die vermoë om iemand so lief te hê nie," sê sy en die trane loop vrylik oor haar wange.

Ná 'n ruk begin Graham weer tik en sê: "Minder ernstig, asseblief," en daarmee gee hulle 'n skugter laggie.

Wanneer hulle baklei – want stry is mos normaal in verhoudings, sê Margot – is dit veral omdat sy hom misverstaan wanneer die Liberator die verkeerde frases oplewer.

Wanneer Graham in die bed lê en nie by die Liberator is nie, sal hy met sy oë deur die alfabet gaan en so ure aaneen met Margot gesels.

En wanneer die weer lekker is, gaan hulle soms see toe, eet uit of fliek, soos in enige ander verhouding.

En wanneer die mense na die man in die rolstoel staar?

"Dis verstaanbaar," tik Graham. "Ek sou ook gestaar het as ek hulle was."

Benewens Margot is daar 'n ander spesiale mens wat Graham se hart sag maak. Margot se dogter, Jackie (34), het 'n seun, Stephan Luyt Landman (4).

"Klein Stephan beskou Graham as sy oupa," sê Margot en wys ons 'n foto van hulle twee.

Dan tik Graham: "Die wonderlike ding van Stephan is, hy kyk na sy oupa en dink dis normaal, sy oupa wat kwyl en in 'n rolstoel sit!"

Hulle lag. Margot laat rus haar kop op Graham se skouer terwyl hy glimlag en na haar kyk. ■





LINKS BO: Margot se dogter, Jackie, is in 2012 met Stephan Landman getroud. REGS BO: Jackie se seun, ook Stephan (4), sit by sy oupa op die Liberator.